FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS




## FEBRUARIE 2025

**Saterdag & Sondag 1-2 Februarie:** Tussen politieke onrus en tropiese storms het Mosambiek die afgelope paar maande een ramp na die ander beleef. In die noorde het FEBA se span te kampe met jihadiste, en in Desember is verskeie FEBA-radiostasies deur siklone getref. Nietemin het God FEBA se span en stasies op 'n wonderbaarlike manier beskerm. Boonop begin FEBA Mosambiek se sewende stasie eersdaags uitsaai! Bid dat God FEBA Mosambiek deurlopend sal beskerm, sodat Sy Woord kan aanhou hoop bring aan luisteraars in tye van vrees.

---

**Maandag 3 Februarie:** Prys God vir luisteraars in Niger wat hulle lewens aan Christus gee! Baie van hulle is deur hul families verwerp en sonder heenkome gelaat. Bid dat hulle sterk in hul geloof sal staan terwyl hulle God se liefde en voorsiening ervaar, en dat God hul familieverhoudings sal genees.

**Dinsdag 4 Februarie:** "In my binneste het ek gely, want Allah het nie my gebede beantwoord nie. Terwyl ek radio geluister het, het ek 'n preek in my dialek gehoor wat praat oor 'hoop in Jesus'. Ek het besluit om die aanbieder te bel en hy het my vrae geantwoord. Dis hoe ek 'n Christen geword het en nou is ek baie gelukkig. Maar...as my gesin hiervan uitvind, sal hulle my verwerp, so ek hou dit geheim. Bid asseblief vir my." (FEBA-luisteraar in Niger)

**Woensdag 5 Februarie:** "Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom. Hoe lank nog, Here, voordat U ons te hulp kom? Ontferm U tog oor ons. Skenk ons elke dag u liefde in oorvloed, dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees." (Psalm 90:12-14 Afr83)

**Donderdag 6 Februarie:** Bid vir die FEBA-span in Tsjad waar hulle nou weer voltyds begin uitsaai. Armoede, geweld en voedseltekorte is algemeen in die land en die mense benodig hoop. Bid dat die saad van FEBA Tsjad se uitsendings op vrugbare aarde sal val en dat God se Woord diegene wat dit hoor, se lewens sal omskep.

**Vrydag 7 Februarie:** Prys God vir die wondere wat Hy in Malawi en Mali verrig! Ten spyte van baie uitdagings raak beide FEBA-spanne nooit moeg vir goed doen nie en hul werk inspireer duisende om hulle na Christus te keer. Bid dat God Sy Woord op die luggolwe in Malawi en Mali sal hou, totdat almal gehoor het.

**Saterdag & Sondag 8-9 Februarie:** Bid vir FEBA se bediening aan Moslembevolkings in Kirgisië, Kazakstan, Turkmenistan, Oesbekistan en Tadjikistan. Dié lande is tradisioneel en oorwegend Islamities, so daar is erge teenstand teen die evangelie, en diegene wat hulle na Christus keer, staar verwerping en mishandeling in die gesig deur hul families en gemeenskappe. Tog is baie op soek na die ware God. Bid dat God Sy kinders se geloof sal versterk gedurende moeilike tye en dat FEBA se uitsendings elke luisteraar tot 'n dieper begrip van God se Woord sal lei.

---

**Maandag 10 Februarie:** Bid vir FEBA Oekraïne se personeel wat behandeling vir ernstige siektes ondergaan, asook dié wie se geliefdes in die oorlog beseer is. Bid dat hulle tot God sal nader in hul beproewinge en só gevul sal word met Sy genade en vrede dat hul getuienisse ander na Christus sal bring.

**Dinsdag 11 Februarie:** "Dankie dat julle by my was gedurende die donkerste tyd van my lewe. Ek is op 'n baie beter plek. Dankie dat julle God se liefde met my gedeel het. Ek weet nou dat Hy altyd met my is." (Tiener FEBA-luisteraar in Oekraïne, wat die beradingshulplyn gebel het ná 'n mislukte selfdoodpoging)

**Woensdag 12 Februarie:** "Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here." (Romeine 8:38-39 Afr83)

**Donderdag 13 Februarie:** FEBA Moldowa se jeugbediening bring hoop aan kinders en tieners in 'n land waar alkoholisme, mishandeling en verwaarlosing algemeen is. Die span deel die Goeie Nuus deur kinderprogramme en byeenkomste, waar tieners hul probleme bespreek. Bid dat Moldowa se jeug hulle plek in God se familie en hul krag in Christus sal vind.

**Vrydag 14 Februarie:** In Rusland word gelowiges wat hulle teen die Oekraïnse oorlog uitspreek, gereeld in hegtenis geneem. Omroepers word ook fyn dopgehou vir tekens dat hulle anti-regering is. Bid dat God FEBA Rusland sal bewaar en die moed sal gee om die evangelie met vrymoedigheid te verkondig. Bid dat hul werk oorvloedige vrug dwarsdeur Rusland sal dra.

**Saterdag & Sondag 15-16 Februarie:** Hoewel daar reeds vir sowat 200 jaar sendelinge in Thailand is, is minder as 1% van die bevolking Christene. FEBA Thailand het hande gevat met ander Christelike organisasies in die "Love Thailand 1-1-1" projek – waar hulle bid en werk vir 'n oes van 1 miljoen gelowiges, 10 000 kerke en 10 000 pastore teen 2028. Prys God vir hierdie enorme visie en vir die voorsiening van vennootskappe wat dit moontlik maak. Bid dat Hy die projek met Sy genade en krag sal aanvuur en dat die resultaat die teiken sal oorskry.

---

**Maandag 17 Februarie:** In Januarie het die Filippynse nasionale weerdiens 'n waarskuwing uitgereik dat swaar reënval tot in Maart kan voortduur, met moontlike vloede en grondverskuiwings. Bid vir mense in die geteisterde gebiede en vir FEBA Filippyne se Rampreaksie Radiospanne wanneer hulle na dié gebiede gaan om die Goeie Nuus saam met praktiese inligting uit te saai.

**Dinsdag 18 Februarie:** "Ek is 'n nie-Christen. 'n Werksongeluk het my blind gelaat en sedertdien werk ek nie. Die afgelope paar weke het ek Heartline Radio gebel om gebed te versoek. Ek was baie bly om so hartlik verwelkom te word. My ma is ook diep geraak deur die Heartline-span se aandag – hulle het nie net oor die telefoon gebid nie, maar het ook na my huis toe gekom om vir ons te bid." (FEBA-luisteraar in Indonesië)

**Woensdag 19 Februarie:** "Die Here jou God is in jou midde, 'n held wat verlos. Hy verheug Hom met blydskap oor jou, Hy maak jou stil met sy liefde. Hy sal oor jou juig met jubelkrete." (Sefanja 3:17 Afr20)

**Donderdag 20 Februarie:** FEBA Kambodja is deel van die Kambodjaanse Gemeenskaps-Bybelinstituut, wat Bybelkursusse in Kambodjaanse dorpies aanbied. In 2024 het 442 studente in 21 provinsies die kursusse gedoen. Bid dat hierdie studente God se Woord met ander sal deel en dat FEBA Kambodja en die Kambodjaanse Gemeenskaps-Bybelinstituut nog baie meer studente in 2025 sal bykry.

**Vrydag 21 Februarie:** Politieke onrus in Mianmar maak dit uitdagend om die Goeie Nuus daar te deel. FEBA Mianmar dra al vir dekades lank God se Woord oor aan mense in afgeleë dorpies, waar huishoudings na Christus gekeer het. Bid dat God Sy kinders wysheid en vrede sal gee in tye van konflik. Bid ook vir die leierskapsoorgang in Mianmar.

**Saterdag & Sondag 22-23 Februarie:** Die evangelie kry hewige teenstand in dele van Indië, waar ekstremiste Christene aanrand en buite kerke optogte hou. Ten spyte daarvan hou FEBA Indië vol om die Goeie Nuus van God se liefde en vrede met sy luisteraars oor die radio te deel, sowel as om sosiale media-inhoud te skep wat kwessies soos verhoudings en geestesgesondheid aanspreek. Bid dat gelowiges in Indië sterk in hul geloof sal bly ten spyte van vervolging en dat God mense se denke sal vernuwe deur FEBA Indië se programme.

---

**Maandag 24 Februarie:** FEBA Pakistan bring Christus al vir 50 jaar deur media aan die mense van Pakistan, en ten spyte van uitdagings, gaan hulle nog volstoom voort. Bid vir Saleem Shahzad, FEBA Pakistan se direkteur, waar hy sy span lei in die verkondiging van God se Woord. Bid ook dat FEBA Pakistan se programme tot luisteraars se harte sal spreek.

**Dinsdag 25 Februarie:** "FEBA Radio inspireer nie slegs sy luisteraars nie maar stel ook 'n standaard in uitnemendheid. Sy toegewyde pogings en uitstekende dienste omskep lewens en bring hoop, wysheid en vreugde vir mense soos ek, wat die Here se hande elke dag op my en my gesin kan voel." (FEBA-luisteraar in Pakistan)

**Woensdag 26 Februarie:** "[Julle] moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming." (Jakobus 1:2-4 Afr83)

**Donderdag 27 Februarie:** Bid vir FEBA-spanne wat in uitdagende omstandighede werk, waar hulle langs gevaarlike roetes reis om luisteraars te besoek of gedurig met teenstand teen God se Woord vanaf owerhede en gemeenskappe te kampe het. Bid dat hulle nooit moeg daarvan sal word om goed te doen nie maar krag en leiding by God sal soek.

**Vrydag 28 Februarie:** Radio-uitsendings maak grootliks staat op infrastruktuur – torings, senders en ateljee-toerusting. Natuurrampe kan lelike skade aanrig en daartoe lei dat uitsendings vir ure of dae aaneen moet stop. Bid vir God se beskermende hand oor elke FEBA radiostasie se infrastruktuur, sodat die Goeie Nuus teen volsterkte kan aanhou uitsaai, totdat almal gehoor het.




+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa